IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-08

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 124

(Bladsye 6 253 - 6 289 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT RESUMES ON 8 AUGUST 1986.

MR BIZOS: My Lord accused no. 9, Mr Ephraim Ramagula, is absent. We have a note from a Lieutenant Burger apologising for the sort notice and that it was thought necessary to admit him to hospital this morning.

COURT: You can continue in his absence. And accused no. 17 is absent until further notice?

MR BIZOS: Is absent until further notice.

MNR JACOBS: Edele die volgende getuie gaan getuienis gee dan oor BEWYSSTUK V1 en wat vroeër gemerk was V(26).

HOF: V(26)?

MNR JACOBS: Ja, ek bedoel die transkripsie. Nou Edele ek het daardie nommer verander want V(26) het in die loop van die verhoor, die was gemerk voor die tyd, het hy ŉ ander nommer gekry.

HOF: Net ŉ bietjie, wat is V(26) dan in die loop van die verhoor?

MNR JACOBS: Dit, aan daardie begrafnis wat gehou was het ŉ transkripsie gekom en hulle het die nommer....

HOF: Nee dit was V(27), U het vir my gesê dis is V(26), toe sê u vir my later nee maar V(26) het ons ŉ ander nommer van en toe het ek hom V(27) gemaak.

MNR JACOBS: Nee dan bly, dan is die fout hier in die lys ...

HOF: Laat ons net seker maak, dit was op 28 Mei wat ons dit gehoor het. Kan u net na daardie notule kyk. Daar is ŉ nota van my. Ja dit was 26 en toe is dit verander na V(27), die bewysstuk wat in is en dit was die video transkripsie van die Regina Mundi begrafnis, Bangani Khumalo se begrafnis, die Duitse televisie. Kyk na die transkripsie op 28 Mei.

MNR JACOBS: Dan sal ek dit hou as BEWYSTUK V(1) en V(26).

HOF: So lank u seker is dit is korrek want my assessor en

ek/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ek self het daardie nota.

MNR JACOBS: Ek sal dan ook net dit lateraan weer deurgaan soos u sê, honderd persent seker maak en dan gaan ek die bande, sal ek dan inhandig as BEWYSSTUK 1.

HOF: Is dit alles dieselfde vergardering hierdie?

MNR JACOBS: Die twee gaan oor twee aspekte van die vergadering, u sal sien die een is die National Launch en dan is dit "The Conference" wat hulle gehou het ook by die ...

HOF: Is dit aparte bande?

MNR JACOBS: Ja hulle is in eenheid in beslag gelê en toe is hulle getranskribeer toe is dit gesien dat een is van die launch en een is van die conference.

HOF: Maar dit is 'n deurlopende band?

MNR JACOBS: Dit is sewe bande Edele maar ons ...

HOF: Ja goed. Wat sal die bewysstuk nommer wees daarvan?

MNR JACOBS: Ek gaan hulle V ...

HOF: Nee die transkripsie is V, die band is BEWYSSTUK?

MNR JACOBS: Ek gaan hom hou by BEWYSSTUK 1 Edele.

HOF: Die bewysstuk word BEWYSSTUK 1? 1(1), 1(2) en 1(3) ens.?

MNR JACOBS: Tot 7, ons sal dan maar in die loop so opdeel watter is oor die launch en watter gaan oor die ...

HOF: Ja?

HAROLD SPOONER MILES: d.s.s.

EXAMINATION BY MR JACOBS: You are a major in the South African police attached to the security branch, C.R. Swart Square, Durban? -- I am.

On 19 February 1985 you were accompanied by ...

COURT: In 1985?

MR JACOBS: 1985? -- Correct.

You went to the house of a certain person, or to the flat

of/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

of a certain person Eunice Mohammed? -- I did.

COURT: Eunice Mohammed? -- Yes.

MR JACOBS: Who is Mr Mohammed? -- He is an attorney in Durban.

Is he attached to any organisations? -- To the United Democratic Front.

Did you have a search warrant with you? -- I had a search warrant with me.

Will you have a look at this search warrant, is that the one that you had? -- This is the one I had.

That will be EXHIBIT AB ...

COURT: Does it become relevant, this search warrant?

MR JACOBS: I do not know sir but I will not hand this in then, then if it becomes relevant ...

COURT: We can give it ...

MR BIZOS: I do not think so My Lord.

COURT: We can give it an exhibit number should it become relevant.

MR BIZOS: Yes I do not think that it will be necessary. In fact my information is that probably what the major has to say will not be disputed.

COURT: Very well.

MR BIZOS: As presently advised. I do not know precisely what he is going to say but it is doubtful.

COURT: In any event you had a search warrant and that is the search warrant?

MR JACOBS: Yes and when you arrived at his place of residence did you find Mr Mohammed at his residence? -- I found him at the flat.

And what transpired then?

COURT: Could you just tell me his first name, is it Eunice? -- Eunice.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

E-u-? -- Y-u-n-u-s.

Y-u-n-u-s? -- Correct.

Thank you. You found him at his flat? -- I found him at his flat and produced my search warrant to him which he read and he allowed me to search his room which he occupied.

MR JACOBS: Yes and then? -- In his, in the room on a shelf I found several tapes, amongst them there were seven tapes marked "UDF", some of them marked "UDF Conference" and others were marked "UDF Rally".

Were they together, the tapes were they together? -- They were together, yes.

COURT: Were these tapes in cassettes or were they reels? -- Cassettes.

MR JACOBS: What did you do then with the tapes? -- After I had taken possession of them and handed him a receipt for the tapes, as well as other articles, I handed them to Captain De Beer, the same day.

When did you hand them over to Captain De Beer? -- The same day at approximately 11h00.

Captain De Beer, is he also from the security police? -- He is also from the security branch.

COURT: Is he Captain Z. de Beer? -- That is right My Lord.

MR JACOBS: I would like you to have a look at certain tapes in my possession now, it is an envelope marked "UDF Launch" and then a line, "Rally" and the date 1983-08-20 and further on the envelope is "7 kasset bande", identification mark. The envelope is sealed with a police seal 1385. Na ek die seël gebreek het, Edele hier is sewe houers met kassette binne in. Edele kan ek ŉ oomblikkie kry om hulle, sien of ek hulle kan sorteer hierso, ek kan dit nie voor die tyd gedoen het nie.

HOF: Ja.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR JACOBS: ... Dit is ŉ bietjie vir my onduidelik gemerk. Ek het, eerste wat ek hier het is die een wat die eerste genoem is "UDF Conference 1 and 2".

HOF: Wat is eerste, die conference of die launch? As die launch eerste is moet ons begin met die launch. As die conference eerste plaasvind, dan begin ons met die conference.

MNR JACOBS: Edele kan ek, omdat ek nie hierdie goed gehad het nie ŉ oomblik verdaging kry dat ek net die persoon wat hulle dan ontleed het dat hy hom ...

MR BIZOS: The conference took place first My Lord.

COURT: The conference first. Goed dan begin ons met die konferensie.

MNR JACOBS: Ja maar ek meen soos ek hulle gekry het kan ek nie vir die Hof sê nie, ek dan so doen.

HOF: Het u hulle reg in volgorde by die konferensie?

MNR JACOBS: Dit lyk so Edele.

HOF: Want ek wil hulle nou laat merk soos u hulle hanteer, ons moet nou nie ŉ fout maak nie.

MNR JACOBS: Hierdie gaan agter mekaar, so ek sal hulle eerste dan vir die Hof gee dan neem ek aan dit sal reg wees soos hulle hier is.

HOF: Wat is dáardie.

MNR JACOBS: Ek kan dit net eers vir die Hof uitlees dan kan ons net sien. Hierdie eerste een is dan op die agterkant, op die rugkant van die houer self staan "UDF Conference 1 and 2" en dan as ek deur die ding kyk op die tape self staan daar "UDF Conference 1 and 2". Die volgende een is dan ook weer op die agterkant van die houer "UDF Conference 3 and 4", dit lyk of hulle dan opvolg en as ek deur die sigbare deel van die houer kyk dan sien ek op die tape self ook "UDF Conference



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

3 and 4". Dan die derde een is "Conference", "UDF Conference" ook op die rug van die houer gemerk, 5 en 6, en dan op sy houer kan ek niks lees nie behalwe ʼn nommer wat ek nou-nou vir u sal lees. So dit lyk asof die conference dan agter mekaar gaan tot hierso Edele.

HOF: Ja goed, dit sal dan BEWYSSTUK 1(1) wees, 1(2) en 1(3). 1(1) sal wees 1 en 2, 1(2) sal wees 3 en 4, en 5 en 6 sal dan 1(3) wees.

MNR JACOBS: Edele ek bring hierdie merk aan op die houertjie wat binne-in die houer is, dan is so ʼn karton houer wat dit op is.

HOF: Het u daardie drie nou gemerk?

MNR JACOBS: Ek het die drie nou gemerk ..

HOF: U kan dit maar vir die getuie, deur die getuie laat identifiseer intussen, dan is dit afgehandel.

MNR JACOBS: Edele moet ek nie hulle nader aan die tape self miskien ook, miskien moet ek dit nou afhandel voordat ek die ander doen.

HOF: Ja goed.

MNR JACOBS: As ek dan BEWYSSTUK 1(1) oopmaak Edele dan het ek ʼn kasset band waarop, soos ek reeds gesê het daar ʼn B-kant van die ding gemerk is wat ek reeds uitgelees het "UDF Conference 1 and 2" staan op homself, en op die A-kant "UDF Conference 1 and 2" en dan is daar in swart aangebring, merking, T470/3/5. Op BEWYSSUK 1(2) as ek die kasset uithaal dan is daar op, weer op die B-kant gemerk "UDF Conference 3 and 4". Op die A-kant, dit is die teenoorgestelde kant, ook "UDF Conference 3 and 4", en dan weer in swart ink gemerk T470/3/6. Dan op BEWYSSTUK 1(3) as ek hom open die is ʼn kasset. Op die B-kant is daar niks gemerk nie. Op die A-kant kom daar net voor die swart merk T470/3/7.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF: Het u nou sowel die houer as die kasset-band gemerk?

MNR JACOBS: Ek sal die, ek het nog nie die kasset-band nie, ek sal dit nou merk of vra dat dit gemerk word.

HOF: My klerk kan dit maar merk sodra dit geïdentifiseer is, so lank u net die goed in die regte houers het.

MNR JACOBS: Ja. Daardie is in die regte houers net soos hulle was. -- These are three of the tapes that I took possession of.

MR JACOBS: You identified EXHIBITS 1(1), 1(2) and 1(3) as part of the tapes attached by you and handed over to .. -- These are part of those that I took possession of.

HOF: En saam met hierdie drie bande gaan dan nou V(26)? Is dit korrek of is dit verkeerd.

MNR JACOBS: Dit is so Edele. Conference, V(26). Die ander as ek hulle net dan, soos ek vir u sê soos ek hulle hier gerangskik het is dit ook vier kassette, houers, en as 'n mens op die rugkant van die houers kyk dan begin die houers, die eerste wat daar staan, of die eerste een, is "UDF Rally 20-8-83 1 and 2", nou op dieselfde rugkant van hierdie kasset is daar ook geskryf in hierdie geval, op die etiket wat daar binnein in die houer is "Conference Opening ...

HOF: Is dit "Conference Opening" of is dit "UDF Rally"?

MNR JACOBS: Nee hier staan "Conference Opening", ek sal dit verder lees, "Address Frank Chikane" en dan staan daar net onder dit "Rally Start 1". Dit is onder die deel A van hierdie etiket, op die A-deel van die etiket van die houer. En die houer is verdeel, as ek net vir die Hof kan wys, A hier en dan ...

HOF: Ekskuus, ek het gedink u praat van die kasset.

MNR JACOBS: Nee dit is die ...

HOF: Is dit nou alles nog die houer wat u genoem het?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR JACOBS: Dit is die etiket aan die houer.

HOF: Ja, goed, ja?

MNR JACOBS: En dan is daar 'n deel lyn, dan kry ons deel B op dieselfde kant en dieselfde etiket dan staan daar "Rally 2". As ek dan net, ek wonder of ek dit nie maar hou tot ek naderhand die inhoud vat nie want ek sien deur wat is die inhoud op hierdie kant van die ...

HOF: Wel maak nou gelyktydig die inhoud van daardie houer klaar dan gee ons hom 'n bewysstuk nommer. Die kasset daar binne is?

MNR JACOBS: Die kasset, aan die A-kant waar etiket A is, "Opening address Conference start of Rally", dit is wat hier staan. As ek hom omdraai op die B-kant, ook 'n etiket wat op die kasset self verskyn is die nommertjie 2 en dan staan daar T470/3/1.

HOF: Die kasset en houer sal saam bekend staan as BEWYSSTUK 1(4).

MNR JACOBS: Ek het hom gemerk dan op die, nog nie op die kasset self nie, die kan ons later doen Edele maar op die houer se etiket aan die binnekant het ek hom dan gemerk BEWYSSTUK 1(4). Dan die tweede ene wat ek het op die rugkant weer, op die etiket wat deel van die houer vorm is daar geskryf in ink "UDF Rally" en dan in potlood "3 en 4". En dan op dieselfde houer op die rugkant van hierdie, op die agterkant wat ek sê, van hierdie houer kant A, hy is ook weer verdeel in A en B. Op kant A staan net "Rally 3", onder B staan "Rally 4". As ek die kasset oopmaak op die A-kant staan daar "Rally 3". Edele ek is jammer ek kan nie hierdie skrif so goed uitmaak nie. Daar is blykbaar, dit blyk vir my party keer "Samson" iemand en ek kan die skrif nie duidelik uitmaak nie.

HOF:/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF: Ons notuleer is "Onleesbaar", gee net ʼn nommer as daar ʼn nommer is?

MR BIZOS: It looks like "Ndou" My Lord.

COURT: Ndou, N-d-o-u?

MR BIZOS: A-o-u. It looks like ...

COURT: N-d-a-u.

MR BIZOS: O, N-d-a-o-u. Oh it is, now I remember N-d-o-u yes.

COURT: N-d-o-u. This is noted with a question mark. Yes?

MNR JACOBS: Maar aan dieselfde kant is daar in elk geval die swart merk aangebring, T470/3/2. Op die B kant is daar net "Rally 4".

HOF: Niks meer nie?

MNR JACOBS: Niks meer nie.

HOF: Die houer en kasset sal dan bekend staan as BEWYSSTUK 1(5).

MNR JACOBS: Dit is voorlopig net op die houer gemerk BEWYSSTUK 1(5). Ons sal die ander merke aanbring. Die volgende houer wat ek dan het Edele, op die rugkant weer, op die houer wat deel van, die etiket wat deel van die houer vorm staan daar "UDF Rally 20/8/83 5 and 6". Dan onder die, op dieselfde etiket onder die 2 ...

HOF: Wat is die datum, 20/8?

MNR JACOBS: 1983.

HOF: 1983, 5 en 6, ja?

MNR JACOBS: Dan waar die, op die rugkant van hom waar die etiket A en B verdeel is, onder die A afdeling "Boesak" en dan is daar ʼn pyltjie en dan "Anthem", en dan staan daar onder die B deel "End of".

HOF: En die kasset?

MNR JACOBS: Onder die A deel "Rally 5 Boesak". Verder is daar in die swart merk aangebring T470/3/3. As ek hom omdraai

dan/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dan op die B-kant hiervan dan staan "Rally" en dan is daar lyk my asof ŉ woordjie geskryf of begin skryf, dit lyk amper na ŉ T of ŉ C, ek weet nie wat dit is nie, en dan .. en dan sê daar net "ends".

HOF: Die houer en kasset sal bekend staan as BEWYSSTUK 1(6 ).

MNR JACOBS: Die laaste kasset wat daar dan is, die houer het ook, Edele ek gaan nou verwys na hom as die voorkant van die houer self, die etiket loop ook aan die voorkant toe, staan daar "Five discussions on UDF working principles etc." Dan die een langs sy kant staan daar "UDF launch 20/8/83" dan die nommer 6 en die woord "Last". En dan op die rugkant van hom is daarso nou, dit is onder die tabelle A en B maar hier is dit oorgeskryf, dit is nou nie meer die tabelle gehou nie, hulle het hom oorgeskryf, dit begin bo, Edele dit begin met 000, eers is daar net langs die A is daar ŉ 6 gemerk en dan begin dit met drie nulle, ŉ punt, ŉ duidelike punt, "Electoral procedure" lyk dit vir my, plus, en dan is dit ŉ plus teken "Front Structure". Dan die tweede reël daar is dit begin met die nommer 055, dan is daar ŉ punt, ŉ duidelike punt, die eerste woord is "Patrons" en dan in hakkies ŉ woord wat vir my lyk asof dit kan wees, ek is nie baie seker hiervan nie, asof dit in hakkies staan "Motivations". Ek gee dit net vir mnr Bizos dat hy ook kyk.

MR BIZOS: No it is "nominations".

COURT: "Nominations".

MNR JACOBS: En dan gaan daar ŉ tweede hakkie aan, ŉ tweede hakkie weer net agter daardie een. Dan is daar ŉ punt en dan is dit 083 en ŉ dash, a streepie, "Mandela" ŉ pyltjie en dan sluit hakkie. Die derde reëltjie begin met die nommer 217, ŉ duidelike punt en dan staan daar "President's" en dan hakkies "List of nominations" sluit hakkies. Die volgende lyn

begin/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

begin met die nommer 283, ŉ punt en dan die verkorting van executive, "E-x-e-C" dan ŉ streepie, a dash, "Vice-President's, kan ek net My Geleerde Vriend se hulp ook miskien hier inroep?

HOF: Ek dink ons het seker genoeg op rekord om die houer te kan identifiseer.

MR BIZOS: Yes it looks like "onwards".

MNR JACOBS: As ek verder moet gaan Edele, 417 is die volgende nommer, punt, "Working programme" Die volgende een is 497 punt, dan is daar ŉ woord wat ek nie kan uitmaak nie, dan in hakkies "Mandela message".

HOF: Maak nie saak nie, ek notuleer dit is onleesbaar.

MR BIZOS: It may be, it may be Molefe. It may be Molefe. I cannot be sure. The nearest that ...

COURT: It is a dubious Molefe.

MR BIZOS: It is a dubious Molefe.

MNR JACOBS: En dan die laast sinnetjie is 523, ŉ punt, "Archie's speech" en dan in hakkies "Closing".

HOF: Ja goed.

MNR JACOBS: Edele en dan as ek die kasset self, die A-kant staan "UDF launch 6, last" en dan die etiket T470/3/4. En dan op die B-kant staan daar net geskryf "Blank".

HOF: Die houer en kasset sal bekend staan as BEWYSSTUK 1(7).

MNR JACOBS: Edele ek het hulle dan gemerk soos die Hof gesê het van BEWYSSTUK 1(4), 1(5), 1(6) en 1(7) en dit gaan dan saam as BEWYSSTUK 4(1).

HOF: Ja kan die getuie dit identifiseer?

MNR JACOBS: Kan, mnr Bizos het net daardie een Edele.

MR BIZOS: I just thought that I may be of greater assistance in relation to that but I cannot. Yes I have, for the sake of completness the word is "Malefane".

COURT: Malefane.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS: M-a-l-e-f-a-n-e. It has some elements of Molefe.

COURT: It is near enough.

MR JACOBS: Major do you have the other tapes, the four tapes now in your possession? -- I have now the other four tapes in my possession.

Can you identify them? -- They are the ones that I took posession of in the flat.

And after you took possession of the tapes, these tapes, what did you do with them? -- I gave them to Z. de Beer.

On the same day? -- On the same day.

How long after that? -- Approximately four or five hours after that.

Now while the tapes were in your possession did you in any way tamper with them or erase on them or alter them or do anything to them? -- No.

Thank you sir.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: No questions.

NO FURTHER QUESTIONS. WITNESS EXCUSED.

---

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is kolonel Jansen. Sy name is Leendert Pieter Christiaan Jansen.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is ŉ kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer ... -- Dit is korrek.

Verbonde aan watter afdeling is u? -- Ek is verbonde aan die Forensiesewetenskap-Laboratorium van die Suid-Afrikaanse Polisie.

En gestasioneer te Pretoria? -- Te Pretoria.

Besit u enige kwalifikasies? Buitengewone kwalifikasies, sal ek dit noem? -- Ja. Ek het ŉ B.Sc graad met fisika, wiskunde en toegepaste wiskunde. Ek het ook ŉ B.Sc Honneursgraad

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in toegepaste wiskunde.

HOF : As u sê u het dit met wiskunde en fisika, beteken dit dit is u hoofvakke? -- Dit was my hoofvakke gewees.

Ja? -- Dan het ek 'n M.Sc graad in fisika. Hierdie drie grade is verwerf by die Universiteit van Stellenbosch. Dan het ek ook 'n doktorsgraad in fisika van die Universiteit van Pretoria.

MNR. JACOBS : Behoort u aan enige ander verenigings? -- Ja, ek is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akoestiek Instituut en ek is ook 'n lid van die Internasionale Vereniging vir identifikasie. Dit is 'n vereniging wat spesialiseer in forensiese identifikasie van persone op verskillende maniere. My spesialiteitsgebied daarin is in stemidentifikasie.

Het u enige ondervinding en is dit deel van die stemidentifikasie ook , van transkripsies en bandopnames? -- Ja. Ek het 21 jaar ondervinding in die wetenskaplike identifikasie van stemme. Ek het ook 17 jaar ondervinding in die maak van transkripsies vanaf bandopnames en ek het 12 jaar ondervinding in die analise van bandopnames met die doel om vas te stel of daar met die band gepeuter is.

Ken u vir ons 'n definisie gee van peuter? Wat u bedoel met dat daar met 'n band gepeuter is. Wat dit behels? -- As ek dink aan peuter van 'n bandopname dan dink ek aan wysigings wat doelbewus aan die bandopname aangebring is vir die doel om die inhoud daarvan te verander.

Het u enige bande ontvang vir analise in hierdie besondere saak? -- Ja, ek het by verskeie geleenthede bande ontvang, verskeie groepe bande en ek is versoek om die bande te analiseer met die doel om vas te stel of daar met die bande gepeuter is en verder om te sien of die bande op enige manier verander is. Daarby stel ek vir myself ook ten doel in sulke

... / gevalle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gevalle om te probeer vasstel of ek enige tekens kan vind of die bande nie dalk oorspronklike opnames is nie. Dit wil sê heropnames.

HOF : Bedoel u daarmee dat dit ŉ band is waarop iets was en dan word iets anders daar oor opgeneem met uitveging van wat eers daar op was? -- Nee.

Dit bedoel u nie daarmee nie? -- Nee, dit is nie wat ek bedoel nie. Al was daar iets op ŉ band en hy word uitgevee in die proses van die maak van ŉ opname, dan is daardie opname wat nou op die band is nog al die tyd ŉ oorspronklike opname, maar as daardie band geneem word en van daardie een af word ŉ heropname gemaak op ŉ ander band, dan beskou ek daardie tweede een nie as ŉ oorspronklike nie. Dit is dan ŉ heropname.

Dit is dus ŉ kopie? -- Dit is ŉ kopie. Ek verkies om te sê heropname, want ŉ kopie kan ander implikasies hê.

MNR. JACOBS : U het gesê, miskien is dit ŉ gepaste geleentheid hierdie om dit makliker te maak om dit by die punt uit te bring, Ons het hier sekere bewysstukke voor die hof. Ek wil hê dat u moet na hulle kyk en sê of dit van die bande is wat u ontvang het vir analise soos u dit nou beskryf het? -- Ja, ek kan ook net noem om te help met die hofverrigtinge het ek al my basiese hoofgetuienis wat ek wil lewer in die saak netjies uiteengesit op skrif en dit voorberei in die vorm van ŉ aantal dokumente wat ek graag sal wil inhandig by die hof. Dit kan dan bewysstuknommers kry en die bande sal ek sekerlik moet nagaan om te sien of dit die bande is wat ek geanaliseer het. Ek weet nie of ons dit nou in die hof moet doen en of ons ŉ kort rukkie sal moet verdaag om dit te doen nie.

HOF : Dit sal miskien vinniger wees as ons verdaag, dat die getuie sy dinge agtermekaar kry en gou na die bande kyk.

ASSESSOR ( MNR. KRÜGEL) : Kan ons miskien net op hierdie

... / stadium

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

stadium ter opheldering vra, bedoel u dat u het ten opsigte van elk van die bande wat aan u gegee is vir ontleding ꞌn verslaggie geskryf?-- Dit is korrek.

Wat dan onder aparte bewysstuknommers ingehandig kan word? -- Ja, daar is dele van my getuienis wat ek beskou as algemene getuienis waar ek die tegniek beskryf wanneer ek bande analiseer in die algemeen en dan is daar verdere dele waar ek spesifiek ingaan op elkeen van dié bewysstukke, dié bande wat in hierdie saak dien.

MNR. JACOBS : Ek dink wat u verder bedoel, soos u die bande wat u ontvang het geanaliseer het, het u ook rekord gehou van wanneer en hoe en van wie u dit ontvang het? -- Ja, daar is ook dokumentasie oor die identifikasie van die bande en presies soos ek dit ontvang het en hanteer het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

MNR. JACOBS : U Edele, as ek net kan beduie hoe dat ek hulle gemerk het. Ons het dit ꞌn nuwe reeks bewysstuknommers gegee. Dit is ABD. Ons begin met ABD(1). ABD is die identifikasie en hantering van magneetbande. Onderaan is daar ꞌn indeks. Agter die indeks het ons gemerk waar daar byvoorbeeld Luthuli Memorial staan, het ons agter dit ook gemerk watter fisiese bewysstukke daarby betrokke is en dan ook watter transkripsie daarby betrokke is. Dan as u kyk op bladsy 1 agter die naam Luthuli Memorial is dit 31(1) en (2) en dan V(24) So het ons hulle deur gemerk. Die volgende bladsy 2 die fisiese bewysstukke wat betrokke is is BEWYSSTUKKE 1(1) tot (7) en dan V(1) en V(26).

HOF : Ons sal dit netnou lees. Laat ons dan net op rekord kry wat al die bewysstukke verder is.

... / MNR. JACOBS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. JACOBS : Die verdere bewysstukke is dan, die tweede een wat ons gemerk het is ABD(2), algemene hoofgetuienis vir Delmas hofsaak (Kol. Jansen). ABD(3) het die opskrif Analise van bandopnames met 'n ossilloskoop. ABD(4) is spesifieke hoofgetuienis Delmas hofsaak. ABD(5) is daar UDF Launch Conference en dan die datum 1983-08-20. U sal sien daar het ek ook bo aan geskryf bewysstukke betrokke. Dit is die fisiese bewysstukke, BEWYSSTUKKE 1(1)tot 1(7) EN DAN V(26) en V(1) en sal u ook sien daar is wat ons netnou hier in die hof probeer uitsorteer het, daar onder die Launch staan Band 1 kant 1, dit verwys byvoorbeeld na BEWYSSTUK 1(4). So is hulle gesorteer om te pas, die fisiese bewysstukke ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Om by ons nommers in te pas?

MNR. JACOBS : Om by ons nommers in te pas. Die volgende bewysstuk ABD(6). Hier het ons hulle(6)(i) tot (6)(vi) gemaak. Die eerste een 6(i) is UDF Launch Conference en daar het ek weer bewysstukke betrokke geskryf, BEWYSSTUK 1(1) tot (7), dit is die fisiese bewysstukke en die transkripsies V(1) en V(26). Dit is 'n fisiese ontleding van daardie band. Die tweede een is 'n ontleding, analise (6)(ii) - ABD(6)(ii) van die Luthuli Memorial op 1983-o7-24 en bo aan het ek geskryf bewysstukke betrokke daarby, die fisiese bewysstukke, BEWYSSTUKKE 31(1) en (2) en die transkripsie BEWYSSTUK V(24). BEWYSSTUK ABD(6)(iii) is 'n analise van die Krisch Rabilall Memorial, die bande self. Die bewysstukke betrokke, BEWYSSTUK 7(1) en 7(2) EN DAN ook die transkripsie V(7). Dan ABD(6)(iv) is 'n analise van die Huhudi Youth Organisation se vergadering en die bewysstukke betrokke het ek daar gemerk ook bo aan BEWYSSTUKKE 12(1) en 12(2) en die transkripsie V(12). Dan ABD(6)(v) is 'n analise van die

... / TIC

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

TIC vergadering se band. Die bewysstukke betrokke daarby is BEWYSSTUKKE 14(1) en 14(2) en die transkripsie is V(14). Die laaste een is ABD(6)(vi). Dit is 'n analise van die Claremont kasset van die vergadering op 1984-11-26. Die bewysstukke betrokke is BEWYSSTUK (6) en dan die transkripsie V(6). In die bewysstukke self waar daar na ander bewysstukke verwys word, het ek dit ook aangebring watter bewysstukke betrokke is. Soos ek netnou begin uitlees het, maar ek glo nie dit is nodig dat ek aangaan nie en soos die getuie aangaan kan hy seker net daarna verwys, maar dit is reeds daar gemerk op die bewysstukke watter betrokke is.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Kolonel, ons het gekom daar waar u gesê het u het bande ontvang vir analise en dan kan u daarvanaf aangaan, asseblief. U het vir die Hof gesê u het stukke voorberei. -- Ja. Die bande wat ek ontvang het, het ek nou vergelyk met die bande wat in die hof as bewysstukke dien. Ek verwys hier na BEWYSSTUKKE 1(i) tot (ii), BEWYSSTUK 6, BEWYSSTUKKE 7(i) tot (ii), BEWYSSTUKKE 12(i) en (ii), BEWYSSTUKKE 14(i) en (ii) en BEWYSSTUKKE 31(i) en (ii). Ek het daardie bande nagegaan, gesien dat hulle volgens die bewysstuknommers gemerk is hier vir die doeleindes van die hof en gekyk en seker gemaak dit is wel daardie spesifieke bande wat ek gehad het vir my analise.

HOF : Dit is die bande waaroor u hier kom getuig? -- Dit is die bande waaroor ek hier kom getuig. Dit is korrek. Die eerste bewysstuk wat ek ingehandig het, BEWYSSTUK ABD(1) is net 'n dokomentêre lys van my kantoor se hantering van die bande.

Dit beteken die paadjies wat die bande geloop het? -- Dit is reg. Baie van die bande is op verskillende stadiums deur my ontvang en weer deur my oorhandig. Sommige van hulle

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is deur my asssistent luitenant Joubert wat ook toegang het tot die kluis waarin ons die bande bêre, sommige is deur hom ontvang en oorhandig aan die betrokke persone. Verder is daar identifikasie-inligting omtrent die bande. Dit sluit in alle merke wat op die koeverte was waarin ek oorspronklik die bande ontvang het, ook die merke op die houers van die bande, indien enige, en merke op die bande self.

MNR. JACOBS : Dit is miskien belangrik dat u net vir ons die identifikasies gee wat op die bande was.

HOF : Wil u hê dat dit uitgelees wees, mnr. Bizos?

MR BIZOS : Certainly not. The colonel can just say on page so and so.

HOF : Ons beskou die deel as gelees. U kan net eenvoudig wat die gedeeltes betref daarna verwys, sonder om dit uit te lees. Dit is bladsy 1 van BEWYSSTUK ABD(1) byvoorbeeld.

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK ABD(1) bladsy 1 is dit korrek dat onder aan van die bladsy gee u die beskrywings wat u nou gegee het? -- Dit is korrek.

Eerstens Luthuli Memorial, dit is BEWYSSTUKKE 31(i) en (ii). -- Dit is korrek. Ek kan net sê toe mnr. Jacobs netnou vir die Hof verduidelik het hoe die bewysstukke gemerk is, het ek nagegaan, ek stem saam met die manier wat hy aan die Hof verduidelik het hoe hy die bewysstukke gemerk het en die bande gemerk is.

Dan op bladsy 2 stem u dan ook saam met die beskrywing en die inhoud van die bande. Daar kom voor Mitchells Plain UDF Launch/Rally BEWYSSTUKKE 1(i) tot (vii). -- Ja, dit is bladsye 2 en 3 wat oor hierdie een groep bande handel. Ek stem daarmee saam.

Dan op bladsy 4 van dieselfde bewysstuk kom daar voor die Krisch Rabillal Memorial en die inhoud en die

... / beskrywing

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beskrywing van wat op die bande aangeteken is, verskyn daar op bladsy 4 en dit het betrekking op BEWYSSTUK 7(i) en (ii). -- Ja, ek bevestig dit is korrek.

Op bladsy 5 van dieselfde bewysstuk daar gaan dit oor die Huhudi Youth Organisation en onder aan verskyn dan ook die inhoud van die koeverte en die merke soos u dit daar uiteengesit het en dit verwys na BEWYSSTUKKE 12(i) en (ii). -- Dit is korrek.

Dan bladsy 6 van dieselfde bewysstuk. Dit verwys na die TIC Transvaal Indian Congress se vergadering op 1984-07-18 en die kassette wat daarby betrokke is, u gee die inhoud van die koeverte, die merke op die bande, verwysende na BEWYSSTUKKE 14(i) en (ii). -- Ek bevestig dit as korrek.

En dan bladsy 7 van dieselfde bewysstuk verwys na die Claremont UDF vergadering van 1984-11-26. Dit verwys na BEWYSSTUK 6 en die inhoud en die merke op die bande en so aan verskyn dan onder aan. -- Dit is korrek. Ek bevestig dit.

Die bande, vir watter doel was hulle na u toe gestuur, al die spesifieke bande wat voor die Hof is? -- Die bande was aan my gestuur vir analise soos wat ek reeds verduidelik het en ook om heropnames te maak.

Ons gaan dan nou oor na BEWYSSTUK ABD(2) toe. Sal u u getuienis dan gee? -- Die inligting is vervat in BEWYSSTUK ABD(2). Ek sal dit lees direk soos wat dit voorkom in BEWYSSTUK ABD(2). Dit gaan oor algemene hoofgetuienis vir hierdie Delmas hofsaak. Paragraaf 1 se opskrif is "Die bande was twee keer by ons vir analise of heropname. Die magneetbande wat in hierdie hofsaak ingehandig is (of word)" die word kan doodgekrap word.

HOF : Ons kan die woorde "of word" deurhaal, want u getuig

... / oor

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

oor spesifieke bande waarvan die nommers nou gegee is. -- Wat reeds bekend is, ja. "En wat deur my laboratorium geanaliseer is, was by twee geleenthede by my laboratorium vir analise of heropname. Die eerste keer is die bande gedurende 1984 of 1985 ontvang en dit is per hand by ons afgehaal gedurende Oktober 1985. Die tweede keer is dit gedurende April en Mei 1986 ontvang" ek kan net hier noem dat Mei kan hier doodgekrap word want dit het verwys na die Antipsyc bande wat nou nie meer gebruik word nie.

Ons haal die woorde "en Mei" deur. "En is dit gedurende Augustus 1986 weer by ons afgehaal." Ek kan weer net hier byvoeg daar is ŉ groep van die bande wat die laaste dag van Julie al afgehaal was, maar die tyd toe ek hierdie geskryf het, het ek maar ŉ skatting gemaak van wanneer dit sal wees.

MNR. JACOBS : Dan moet ons net duidelik wees, watter bande is in ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar is dit nie opgesom in ABD(1) nie? -- In ABD(1) is dit korrek ingeskryf.

Ons moet net die woord "ongeveer" voor Augustus sit, dan is ons reg. -- Gedurende ongeveer Augustus. "Dit beteken dat die bande by twee geleenthede deur ons ontvang en weer afgelewer is. In alle gevalle is die bande vir elke saak in een of twee verseëlde koeverte by ons afgelewer en is dit ook weer in een of twee verseëlde koeverte van ons af gelewer. Dit is in alle gevalle per hand na ons toe gebring en weer van ons af gehaal. In die meeste gevalle was hierdie bande vir geen ander doel gebruik in die tussentyd nie."

MNR. JACOBS : Wat bedoel u met in die meeste gevalle hier? -- Met in die tussentyd word verwys tussen die eerste keer dat ek dit gehad het en die tweede keer dat ek dit gehad het.

HOF : Met ander woorde, die bande is afgehaal, maar ongebruik

... / weer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

weer teruggegee aan u?-- Dit is korrek. Hierdie groep bande was almal die tweede keer by my ontvang in dieselfde koevert met dieselfde seël as waarin ek dit oorspronklik verseël en gemerk het.

Dit beteken dus die koevert was nie eers oopgemaak gewees nie? --- In die tussentyd was die koeverte glad nie oopgemaak nie. Dit is korrek. Dit staan ook hier "En het dit ons vir die tweede keer bereik in ons eie koeverte met ons eie seël nog ongeskonde. Sulke koeverte was dus nie in die tussentyd glad nie oopgemaak nie."

Die eerste nie word deurgehaal. "Was dus in die tussentyd glad nie oopgemaak nie." Op die stadium toe ek dit geskryf het, sou die Antipsyc (?) bande ook nog hier ingedien word, maar hulle was die enigste wat wel in die tussentyd oopgemaak was. In die geval geld dit dus vir al die koeverte wat hier is, dat hulle nie in daardie tussen periode oopgemaak was nie.

Dan moet u dit verander. U moet sê "Hierdie bande was vir geen ander doel gebruik in die tussentyd nie." Haal die "in die meeste gevalle was" deur. -- Ek maak so.

Ja? -- Die volgende sin. -- By ontvangs in ons laboratorium is die koeverte met seël en al in ons brandkluis gebêre totdat dit gebruik is vir die maak van heropnames of vir die analise daarvan. Bande is uit die kluis verwyder slegs wanneer daaraan gewerk is en die bande het onder geen omstandighede die laboratorium verlaat sonder dat dit in verseëlde koeverte was nie. By die eerste geleentheid toe die bande by ons was, is elke band gemerk met ons eie merk en enige ander identifikasiemerke op die bande is ook neergeskryf."

MNR. JACOBS : Kan u miskien net verduidelik, watter is u merke op die bande? -- Die merke op my bande is almal merke wat deur 'n T-nommer voorafgegaan word en dit is in die eerste

... / bewysstuk

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

bewysstuk wat ek ingehandig het ABD(1) is daar ŉ plek waar ekgeskryf het "ons merke geplaas op die bande" en op die eerste bladsy van ABD(1) onderaan is daar byvoorbeeld geskryf "Band 1 T267.3.B1." Dit sal dan my merk wees wat ek op die bande aangebring het.

Ek wil net seker maak, is daar altyd ŉ punt gesit of is daar partykeer ŉ streep getrek? -- Eens op ŉ tyd het ek net strepe gebruik en later het ek oorgegaan om punte te gebruik. So, daar is gevalle waar die bande gemerk kan wees met ŉ streep tussenin instede van met ŉ punt.

HOF : Dit is nie nodig om daarna te kyk nie. Op party bladsye word aangedui dat die T-nommer ŉ streep by het en partykeer ŉ punt. -- Ek dink dit is waarskynlik dan korrek ook so. "Geen merke is op die tweede geleentheid op die bande geplaas nie. Die ketting van hantering van die bande en die volledige identifikasie van die bande is opgeskryf en word vir die doel van hierdie hofsaak ingehandig as ŉ dokument gemerk 'Hanteringsketting en identifikasie van bande vir Delmas hofsaak'." Dit is dan hierdie BEWYSSTUK ABD(1). "Die hanteringsketting wat hierin genoem word, geld slegs vir die hantering deur die Forensiesewetenskap-Laboratorium. Paragraaf 2 opskrif Heropnames is van die bande gemaak by verskillende geleenthede. Daar is by verskillende geleenthede heropnames gemaak van hierdie bande. Terwyl die bande vir die eerste keer by ons laboratorium was, is daar een of soms twee stelle heropnames van die bande gemaak. Hierdie heropnames is aan die betrokke ondersoekbeamptes oorhandig en dit is gebruik om transkripsies van te maak."

MNR. JACOBS : Kan ŉ mens net ŉ oomblik hier stilstaan. U kan nie sê wie het die heropnames gemaak nie? Is dit die ondersoekbeampte self of is dit nou u wat dit gemaak het? --

... / Nee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Nee, die heropnames is gemaak deur myself of deur my assistent, luitenant Joubert. Dit is slegs ons twee wat heropnames gemaak het. "Gedurende die tweede keer dat die bande hier was, is weer heropnames gemaak direk van die oorspronklikes af en hierdie bande word beskikbaar gemaak aan die ondersoekbeampte." Ek verstaan dat hierdie stel wat ek die laaste gemaak het, is aan die verdediging beskikbaar gestel. "Die heropnames is op nuwe kassetbande gemaak en dek al die vergaderings volledig. Dele van die oorspronklike bande wat leeg is of dele wat opnames bevat wat geen verband hou met die betrokke vergadering nie, is nie op die heropnames opgeneem nie."

HOF : Affekteer die maak van ŉ heropname die oorspronklike? -- Ja, dit affekteer oorspronklikheid, maar dit hoef nie noodwendig egtheid te affekteer nie.

Nee, nie oorspronklikheid nie. Die oorspronklike? -- O, nee. Teoreties as ŉ band baie kere gespeel word, is daar ŉ geringe verswakking in kwaliteit, maar in beginsel is dit so dat die verswakking so gering is dat ŉ mens kan sê, normaalweg kan dit beskou word dat die speel van ŉ band en daarmee saam die maak van ŉ heropname beïnvloed nie die oorspronklike op enige manier nie.

MNR. JACOBS : Kan u ook net vir ons hierso verduidelik wat dit beteken "dele van die oorspronklike bande wat leeg is of dele wat opnames bevat wat geen verband hou met die betrokke vergadering nie, is nie op die heropnames opgeneem nie." Wat bedoel u daarmee? Het u gevind dat daar dele is wat nie verband hou met ŉ vergadering nie? -- Ja, daar was enkele gevalle waar ek gevind het waar daar op een kant van ŉ band byvoorbeeld iets is wat skynbaar vantevore opgeneem was waar die band nie ordentlik skoongemaak was voordat hy gebruik was nie. Sulke dele verskyn nie in die

... / transkripsies

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

transkripsies nie en hou ook ooglopend baie duidelik, dadelik as ʼn mens daarna luister, kan ʼn mens hoor dit het geen verband met ʼn vergadering wat hier ter sprake is nie.

Wanneer u later by die analise kom, kom u meer duidelik daarmee uit? -- Ja. Sulke dele is opgeskryf in my analise. By my analise van die bande het ek alles van die band ondersoek, alle kante van die band, of hy nou betrekking gehad het op hierdie vergaderings of nie.

Miskien moet ons net op hierdie stadium duidelik verstaan. By die polisie, word altyd nuwe bande gebruik of wat is die gebruik daarso? -- Die algemene praktyk by die polisie tot nou onlangs, was dat hulle nie normaalweg nuwe bande gebruik nie. Hulle gebruik bande wat reeds voorheen gebruik was en wat dan skoon gemaak word met behulp van ʼn apparaat, die Engelse naam is ʼn "bulk eraser", wat die hele band op een slag kan skoonmaak.

Hoe maak dit die band skoon op een slag? Hoe werk hy? -- Dit maak die band skoon deurdat daar ʼn baie groot magneetveld aangelê word wat dwarsdeur die band, al die dele van die band dring. Gewoonlik as dit ʼn rolband is, moet die rolband geroteer word oor die gedeelte waar die sterk magneetveld is en die sterk magneetveld vee dan enigiets anders wat vanteovre opgeneem kon gewees het op die band uit.

En as dit ʼn kassetband is, is daar ʼn verskil tussen ʼn rolband en ʼn kassetband? -- As dit ʼn kassetband is, die kassetband is so klein dat die hele kassetband van die een kant na die ander kant deur die spleet van die magneet beweeg word. Dit wil sê die deel waar die magneetveld die sterkste is.

As dit so skoongemaak word op hierdie metode gebeur dit soms dat dit nie heeltemal skoon is nie? -- Ja, veral by

... / rolle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

rolle band gebeur dit dikwels dat die band nie volledig gedraai word oor die sterk magneetveld nie en dan kry 'n mens 'n stukkie van die band wat van die binnekant na die buitekant strek waar daar oorblyfsels van 'n vorige opname - as 'n mens dan die band speel sal daar elke kort-kort soos wat die tol roteer en by daardie punt verbykom, 'n stukkie van die vorige opname hoorbaar wees.

En by die kassetbande, gebeur dit daar ook? -- Ja, ek het al gehoor dat dit soms by kassetbande kan gebeur, hoewel dit nie so algemeen is nie.

Net vir verdere duidelikheid. As 'n mens 'n gebruikte band - gestel nou 'n band wat iets op hom het, 'n gesprek op hom het of 'n musiekstuk, iets wat vol is, ek sal dit noem vol is, gebruik om daarop op te neem, kan dit oor so 'n band geneem word? -- Ja, dit is so dat enige bandopnemer wat klank kan opneem is ook voorsien van 'n uitveemeganisme wat outomaties enige vorige opname wat op die band sou wees verwyder.

Geskied dit dieselfde tyd wat hy opneem van die nuwe inhoud wat 'n mens op die band wil plaas? -- Dit is korrek. Soos wat die band verby die opneemkop van die bandopnemer beweeg, gaan hy net vantevore ook oor 'n kop wat genoem word die wiskop of in Engels die "erase head" wat enige vorige opname verwyder. Die "erase head" of die wiskop werk, of daar nou 'n vorige opname was of nie, hy maak in ieder geval seker dat die band skoongemaak word.

Gestel 'n mens sou nou speel met daardie band en nou opneem tot sê in die helfte van die band se lengte en jy hou dan op en dit is nou die end van jou opname wat jy wou opgeneem het en jy haal die band uit, sal daardie opname daar bly? -- Ja, as daar 'n vorige opname was wat nie uitgevee

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was op ŉ ander manier nie, dan sal op die punt waar ŉ mens opgehou het met opneem, van daardie punt af verder sal die vorige opname nog steeds op die band bly.

U kan dan maar weer voortgaan. -- BEWYSSTUK ABD(2) paragraaf 3 op bladsy 2.. Opskrif "Hoofdoel van die analise. Waarna word gesoek. Die doel van die analise van die bande was: (1) om te soek vir enige tekens dat enige van die bande dalk nie oorspronklik is nie, maar wel heropnames van ander bande."

As u praat van die bande nie oorspronklik is nie, praat u dan daarvan dat die opname op die band nie oorspronklik is nie? - - Dit is eintlik meer korrek. Ek moes eintlik daar gesê het om enige tekens dat die opname op die bande. "(2) Om te soek vir enige tekens dat die opnames op die een of ander wyse toevallig verander is. Hier word gedink aan die effek wat verkry word wanneer iemand die band terugluister en per ongeluk die opneemknoppie druk, sodat ŉ klein deeltjie van die oorspronklike opname nou vervang word met ŉ nuwe opname." Ek kan net noem dat ek het sulke plekke gevind. "(3) Om te soek vir enige tekens dat die opnames op die een of ander wyse doelbewus verander is. Dit kan ook beskryf word as tekens dat daar met die band gepeuter is."

Kan u net vir ons hier miskien ŉ bietjie uitbrei. Is daar om op te spoor dat daar doelbewus met ŉ band gepeuter is, soos u dit stel? -- Ek dink soos ek aangaan met my getuienis lateraan sal dit duidelik word wat se tegnieke gebruik word daarvoor. Dit is onnodig om nou daarop uit te wei. "(4) Om te soek na tekens dat die opname nie ŉ aaneenlopende en ononderbroke opname van die vergadering is nie. Dit is iets wat gedurende die maak van die opname kan gebeur." Ek mag net byvoeg dit beteken dat ŉ mens soek

... / na

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

na punte waar die bandopnemer dalk af en later weer aangeskakel was gedurende die maak van die oorspronklike opname. "Dit moet dadelik genoem word dat daar nie 'n onfeilbare metode bestaan om tekens van bogenoemde effekte op te spoor nie. Dit is moontlik om enige van bogenoemde dinge met 'n band te doen sonder dat dit na die tyd waargeneem sal word. Dit is egter slegs by groot uitsondering dat dit moontlik sal wees.

Kan u meer uitbrei hierop en vir ons meer duidelikheid gee?

HOF : Blyk dit nie verder nie? -- Dit is beskryf.

Dit is mos verder uiteengesit in die verslag. -- Ek sal liewer net verder lees. "Normaalweg sal dit gebeur dat indien enige van bogenoemde dinge met 'n band gedoen word, ons die tekens daarvan na die tyd sal kan waarneem. Die prosesse daaraan verbonde om sulke veranderings of heropnames te doen sonder om tekens te laat is gekompliseerd en verg spesiale toerusting en baie ondervinding. Gedurende stiltes musiek of slegs geraas is dit nog bietjie makliker om sulke veranderings te maak sodat dit nie tekens laat nie, maar om dit te doen gedurende spraak is uiters moeilik. Ten einde oorspronklikheid en onvervalsheid van die bande volledig te bewys, is dit nodig om ons laboratorium se getuienis daaromtrent saam te beskou met die getuienis van ander persone wat toegang tot die bande gehad het Ons getuienis bevestig die getuienis van die andere en albei moet in ag geneem word.

MR BIZOS : My Lord, I do not know whether the witness has a degree in law.

COURT : Well, actually, I was thinking while this evidence is giving by the witness, that he is quite correct that the evidence of the parts of the chain is relevant to

... / admissibility

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

admissibility. Right at the beginning there was something said about admissions in this respect. I am not entirey sure whether those admissions are forthcoming after I have decided on admissiblity or before, but I would just warn both counsel that as far as I am concerned they may also be relevant as far as the decision on admissiblity is concerned.

MR BIZOS : I think that in all probability those admissions will be forthcoming before the decision on admissibility is given

COURT : As far as your comments are concerned they are quite valid, but I do not think I will be swayed by the comments of this witness in this paragraph.

K394 MNR. JACOBS : Ek mag net noem dat die getuienis waarna die Hof verwys sou alles aangebied gewees het voor hierdie getuie se getuienis, maar My Geleerde Vriend het aangedui dat hulle die erkennings sal maak en dit is ten opsigte van hierdie bande het ons ŉ lang erkenning opgestel om die hele skakel te bewys en dit word getik vir die Hof. Ons sal probeer om dit Maandag in te handig. Voor ons ons afdeling afsluit omtrent die bande sal dit ingehandig word. -- "Paragraaf 4. Tegniek wat gebruik is om die bande te analiseer. Wanneer ŉ band deur ons geanaliseer word, word die meeste klem gelê op die sorgvuldige deurluister van die band. Die oorgrote meerderheidvan dinge wat met ŉ band kan verkeerd wees, sal opgespoor word deur ŉ geoefende persoon wat slegs daarna luister. In baie gevalle word ŉ ossilloskoop ook gebruik om sekere snaaksighedeop die bande deeglik te bestudeer en gewoonlik kan die presiese aard daarvan dan bepaal word."

HOF : Hoe werk die ossilloskoop?- Die ossilloskoop is ŉ

... / instrument

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

instrument wat ŉ beeld gee op ŉ skerm soortgelyk aan ŉ televisieskerm kan ŉ mens sê, maar dit gee ŉ weergawe van die presiese klankpatroon wat op die band vasgelê word in terme van ŉ ligkolletjie wat na bo of na onder kan uitwyk terwyl dit van links na regs beweeg. Die beweging van links na regs verteenwoordig tyd en bewegings van bo na onder verteenwoordig die werklike inligting wat op die band verskyn. Daar is op verskeie plekke verder in my getuienis foto's wat geneem is van die ossilloskoopskerm af.

MNR. JACOBS : Kan ons net, terwyl ons nou by die ossilloskoop is, u sê dit is half onprakties om na die hele band te luister. Hoe ŉ groot stukkie word op ŉ slag geneem deur die ossilloskoop ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ŉ oomblik. Die getuie het nie gesê dat hy nie na die hele band luister nie. Hy luister na die hele band, soos ek hom verstaan.

MNR. JACOBS : Maar ek bedoel, laat ek dit so stel, dat dit ŉ baie lang tyd sal vat om met ŉ ossilloskoop te ondersoek. Is dit reg? -- Ja,

Kan u net verduidelik hoekom dit so is? -- Die luister na ŉ band kan in riële tyd geskied. Dit wil sê ŉ mens speel die band en jy luister. Terwyl ŉ analise op ŉ ossilloskoop kan nie in riële tyd geskied nie. Om ŉ analise te maak, die normale metode is wanneer ons met die oor enigiets opspoor, wat nie dadelik verklaarbaar is nie, dan word daardie stukkie opgeneem op ŉ spesiale instrument wat beskrywe sal word wat twee en ŉ half sekondes van die spraak onthou in ŉ rekenaar tipe geheue en van daardie twee en half sekondes kan enige deel vanaf die maksimum van twee en ŉ half sekondes tot so min as een of twee millisekondes of te wel duisendstes van ŉ sekonde op die ossolliskoopskerm vertoon word.

... / Gaan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Gaan voort. -- Ek lees verder van die sesde reël af. "Die gedetailleerde analise van klein deeltjies van die klanksein op 'n ossilloskoop is 'n baie kragtige analistegniek, maar dit is onprakties om dit vir die hele band te doen aangesien dit in verhouding baie tyd verg. Daarom word dit slegs gebruik op plekke waar die geoefende oor iets waarneem wat nie maklik verklaarbaar is nie. Gedurende die luister-proses word daar aandag gegee aan goed soos: klikgeluide, pulse op die opname, verdwynings van klank en steurgeluide op die opname. Verder word daar ook geluister na verande-rings in: agtergrondklanke, agtergrondruis, luidheid, toon-hoogte en spreektempo. Ander dinge wat ook waargeneem kan word en waaraan aandag gegee word is effekte soos gespan-nenheid, opgewondenheid, haastigheid, rustigheid, ensovoorts, van die spreker. Enige skielike verandering in enige hier-van sal lei tot 'n meer indringende ondersoek om die oorsaak daarvan te bepaal. In baie gevalle is daar heel onskuldige verklarings vir sulke verskynsels, terwyl in ander gevalle dit 'n positiewe aanduiding kan wees van verandering van die oorspronklike opname." Miskien kan ek op hierdie stadium vir die Hof net 'n eenvoudige voorbeeld gee van die soort ding waaraan ek hier dink. 'n Mens hoor byvoorbeeld 'n manspersoon praat en skielik is daar 'n vrouestem wat tussenin praat. Nou is dit nodig om te besluit, is dit iets wat gebeur het tydens die oorspronklike maak vn die opname, die persoon wat voor gestaan en praat het het miskien vir 'n oom-blik eenkant toe beweeg en 'n vrou het nader gekom en 'n aan-kondiging gemaak, of is dit iets wat na die tydoop die band bygevoeg is.

HOF : Beskuldigde nr. 9 is terug in die beskuldigdebank. -- "Die aan- en afskakeling van 'n bandopnemer en die gebruik

... /van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van die PAUSE knoppie is die mees algemene en normale manier waarop ꞌn opname gewysig kan word gedurende die maak van die oorspronklike opname."

MNR. JACOBS : Wat bedoel u met gewysig kan word? -- Dit beteken dat die persoon wat die opname maak besluit dat ꞌn sekere deel van die gebeurlikhede, wil hy nie op band hê nie en dan stop hy die bandmasjien of hy druk die PAUSE knoppie en hy veroorsaak dat dit was op die band kom nie ꞌn juiste weergawe is van presies wat alles op die vergadering gebeur het nie.

Sal ꞌn mens dan sê dit is nie ꞌn wysiging nie, maar dat dit nie ꞌn volledige opname is nie? -- Ja, by wysiging in hierdie opsig dink ek eintlik aan die band in terme van dit wat oorspronklik gebeur het. Ek lees verder. "Al is daar op geen ander manier iets met die oorspronklike oname gedoen nie, sal hierdie effekte nog altyd veroorsaak dat ꞌn opname nie ꞌn volledige weergawe van die betrokke deel van die vergadering is nie. Om hierdie rede word daar veral baie aandag gegee daaraan om te probeer vasstel op welke punte die bandopnemer afgeskakel en weer aangeskakel is, en of die PAUSE knoppie dalk gedruk was."

HOF : Die PAUSE knoppie veroorsaak inderdaad ook ꞌn afskakeling in die sin dat die band nie meer loop nie en daar nie meer opgeneem word nie? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Verskoon my dat ek vra. U kom sekere later by die wyse of die maniere waarop ꞌn volledige opname later gedokter kan word? -- Ek het nie ꞌn afdeling van my getuienis wat spesifiek op daardie aspek ingaan nie, maar sommige daarvan sal terloops genoem word. As die Hof dit sou verkies, kan ek op ꞌn stadium uitbrei op daardie soort van aspek. "Paragraaf 5. Toerusting wat gebruik is om die

... / bande

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

bande te analiseer. By die deurluister van die bande is gebruik gemaak van goeie bandspelers. In die geval van die rolle band word van 'n UHER 4000 bandopnemer gebruik gemaak, aangesien dit dieselfde tipe opnemer is as waarop die rolle band opgeneem is en in die geval van kassetbande word gebruik gemaak van een van 'n verskeidenheid kassetopnemers waarvan dit bekend is dat hulle in 'n goeie toestand is. Die luisterwerk word gewoonlik deur goeie kwaliteit oorfone gedoen, maar indien dit nodig geag word, kan die klank oor goeie luidsprekers beluister word, Vir die analise op die ossilloskoop word gebruik gemaak van 'n spesiale apparaat wat self ontwerp en gebou is en dit word genoem 'n 'Digitale Eindelose Lus". In Engels sou dit wees 'Digital Endless Loop.' Ongeveer 2,5 sekondes van spraak kan op 'n keer in hierdie instrument ingespeel word en deur die instrument in 'n digitale geheue gestoor word. Die geheue werk soortgelyk aan dié van 'n rekenaar. Enige deel van die klank in hierdie 2,5 sekondes kan dan teruggeroep word en 'n mens kan daarna luister en dit gelyktydig op 'n ossilloskoop vertoon. Die ossilloskoop gee 'n uitbeelding van die presiese klanksein wat op die bandopname teenwoordig was. Pulse en klikgeluide kan geanaliseer word, verdwyning van die klank kan bekyk word om te sien hoe lank dit duur en of dit skielik of geleidelik plaasvind, agtergrond ruis kan bestudeer word en nog ander analises kan ook daarop gedoen word. Waar nodig kan foto's geneem word van die ossilloskoop se skerm om 'n besondere klankbeeld vas te lê vir latere gebruik. Verskeie ossilloskoopfoto's is geneem gedurende die analise van hierdie bande en hulle sal bespreek word by die toepaslike getuienis. Paragraaf 6. Voorbeelde, foto's van af/aan en ander verskynsels. 'n Hele aantal verskillende verskynsels kan op die ossilloskoop waargeneem en

... / onderskei

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

onderskei word, byvoorbeeld die resultaat daavan dat ŉ bandopnemer af- en aangeskakel word. Die beeld wat in so ŉ geval verkry word, verskil gewoonlik van een tipe bandopnemer na ŉ ander, maar bly taamlik konstant vir dieselfde bandopnemer en ook vir dieselfde model bandopnemer, wanneer dit by vers-skillende geleenthede aan- en afgeskakel word. ŉ Helе́ reeks van sulke foto's is op verskillende geleenthede geneem en kan dien as voorbeelde van die soort van ding wat met die ossilloskoop waargeneem kan word. ŉ Aantal hiervan is saamgevat in ŉ dokument wat nou in die hof ingehandig word. Dit is getiteld 'Analise van bandopnames met ŉ ossillo-skoop'." Dit is die dokument wat gemerk is as <u>BEWYSSTUK ABD(3)</u>. "Die dokument self bevat ŉ beskrywing van wat plaasvind en in elke geval word twee foto's gegee van dieselfde soort van ding om te wys dat die analise herhaalbaar is." Ek het ook ŉ band saamgebring waar die klank wat gebruik is om daardie foto's te maak, is op band vasgelê en ek sal dit, wanneer ek by daardie punt kom, graag aan die Hof wil voor-speel sodat die Hof kan hoor so klink so ŉ onderbreking en so lyk hy op ŉ ossilloskoop. Voor ek dit doen sal ek net graag hierdie paragraaf 7 wil klaarmaak net om te ver-duidelik wat se verskillende soorte probleme ŉ mens kan teëkom. "Soort van probleme wat dikwels met sulke opnames gebeur. Gedurende die analise van die bande vir hierdie saak was daar ŉ paar verskynsels wat dikwels voorgekom het en watnou in ŉ algemene sin bespreek sal word. Almal van hulle het te doen met volledige of gedeeltelike verdwynings van klank op die opname. (1) Verbindingsprobleme. Indien die verbinder by die bandopnemer, of by die mikrofoon by tye nie goeie kontak maak nie, of indien die kabel wat die sein na die bandmasjien voer swak plekke het, kan dit gebeur



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dat daar soms 'n oop verbinding is of dat daar soms 'n kortsluiting is."

HOF : Met 'n oop verbinding bedoel u 'n breuk in een van die twee kabels? -- Dit is korrek.

En met 'n kortsluiting bedoel u dat die twee kabels nie meer geïsoleer is nie en aan mekaar raak? -- Dit is korrek. "Enige van hierdie verskynsels sal veroorsaak dat die klanksein na die mikrofoon kan verdwyn.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ekskuus, klanksein vanaf die mikrofoon? -- Dit is korrek.Dit moet wees klanksein na die bandmasjien of vanaf die mikrofoon?-- Dit is vanaf die mikrofoon. "Hierdie probleem is gewoonlik 'n afwisselende probleem (intermittent in Engels) in die sin dat dit slegs so nou en dan voorkom. Enige permanente probleem sal veroorsaak dat daar nooit klank deurkom nie, wat daartoe sal lei dat die probleem nagespoor en reggestel word. Dit is 'n bekende feit dat kabels en verbinders wat baie gebruik word geneig word om kontakprobleme te ontwikkel. Sulke probleme sal gewoonlik saamval met beweging van die kabel of die verbinder, maar dit kan ook gebeur dat dit vanself gebeur. Op verskeie van die bande wat geanaliseer is, was daar gevalle waar sulke verbinder probleme voorkom en dit lei tot kort verdwynings van die klank. (2) Radiomikrofoonverbindings. In enige geval waar radiomikrofoonsisteem gebruik word, kan dit gebeur dat daar verbrekings is in die radiokummunikasie. Dit lei ook tot verdwynings van die klank wat opgeneem word. Die manier waarop die klank verdwyn sal afhanklik wees van die tipe radio-ontvanger wat saam met die mikrofoon gebruik word. In sommige gevalle kan die sein baie duidelik wees tot op die punt waar dit skielik verdwyn en in ander gevalle word die sein baie swak en vol

... / steurgeluide

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

steurgeluide net voor die klank heeltemal verdwyn. Sulke verskille kan toegeskryf word aan die gebruik al dan nie en die sensitiwiteit van ŉ squelch sisteem wat die klanksein elektronies afsny wanneer die radiosein te swak word.

HOF : Waarom is daar sulke sisteme? Wat is die voordeel van sulke sisteme? -- Die doel daarvan is om die luisteraars se oor te beskerm teen allerhande raas-en krapgeluide wat sou deurkom indien daardie betrokke sein skielik verdwyn. Die atmosfeer is altyd vol allerhande steurgeluide en krapgeluide van karre se vonkontstekers en van ligte wat aan- en afgeskakel word ensovoorts. Nou, wanneer daar ŉ sterk sein is, word daardie ding onderdruk, maar as die sein wat ŉ mens graag wil ontvang skielik sou verdwyn, dan tree sulke dinge te vore. Baie radiosisteme het ŉ ingeboude meganisme wat stelbaar is waar ŉ mens die vlak waarby daardie skielike afsnypunt plaasvind, waarmee ŉ mens dit kan stel, sodat as diesein onderkant ŉ sekere vlak val, dan word dit skielik net stil. "Radiomikrofoonsisteme is baie gevoelig wanneer dit van binne ŉ vertrek of saal tot in ŉ ander vertrek of ander gebou gebruik word. Wanneer die sein al redelik swak is, is daar baie faktore wat ŉ invloed op die sein kan hê. Hier word gedink aan dinge soos beweging van die persoon wat die radiomikrofoon dra, beweging van persone naby hom, beweging van redelike groot metaalvoorwerpe soos motors in die omgewing ensovoorts. (3) 'Drop outs'." Ek ken geen Afrikaanse beskrywende terme vir die woord "drop outs" nie, daarom sal ek maar hou by die Engelse beskrywing. "Sogenaamde 'drop outs' kan veroorsaak dat die klank wat opgeneem word vir ŉ kort tydjie heelwat sagter word. Gewoonlik sal die klank nie heeltemal verdwyn nie. Sulke 'drop outs' word veroorsaak tydens die opnameproses wanneer die band nie intiem

... / kontak

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

kontakmaak met die bandopnemer se opneemkop nie. Dit gebeur veral met band wat alreeds ŉ hele aantal kere gebruik is. By terugspeel van ŉ band is hierdie effek nie naastenby so belangrik nie.

Wat beteken dit? -- Daarby bedoel ek so belangrik soos die vorige dinge waarna daar verwys is. Hierdie effek is waarneembaar, maar dit is nie werklik ŉ probleem nie.

Daar is nie ŉ onderbreking nie, daar is net - klank word net sagter. Dit is al? -- Dit is gewoonlik so dat die klank net sagter word. Ek het gesê by opneem is dit belangrik dat die band intiem kontak moet maak met die kop. Die laaste sin "By terugspeel van ŉ band is hierdie effek nie naastenby so belangrik nie", want by terugspeel is dit nie nodig dat die band so intiem kontak maak met die kop nie. So, 'drop outs' word veroorsaak op die band gedurende die opnameproses en wanneer ŉ mens terugspeel, al is die band gekreukel en hy loop nie mooi glad verby die koppe nie, sal effense afwyking van die afstand van die kop af nie ŉ 'drop out' veroorsaak nie. Die 'drop out' word veroorsaak tydens opname dat daar op daardie punt ŉ swak opname op die band geplaas is.

MNR. JACOBS : Ek wil net graag teruggaan na 7(1) verbindingsprobleme. U praat daar van kortsluitings. Sou u sê ŉ swak konneksie is ŉ kortsluiting? Waar ŉ mens sê nou aan die mikrofoon of waar hy nou is, dat ŉ mens altyd ŉ krapperigheid hoor, ek praat nou as ŉ leek wat ek nou maar waargeneem het, konneksies by die punte en as beweging is kry jy ŉ krapperigheid. -- Dit is soms na die tyd moontlik om vas te stel of ŉ swak verbinding ŉ geval was waar die drade oopgegaan het of ŉ geval was waar daar ŉ kortsluiting was, maar as ŉ mens in die algemeen sou sê ŉ swak konneksie of ŉ swak verbinding

... / soos

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

soos ek ook in my analise op baie plekke sê, dan is dit nie altyd vir my duidelik presies watter een van daardie twee gevalle gebeur het nie.

HOF : Maar dit is een van die twee?-- Ja. Ek sê daar is gevalle waar 'n mens dit kan agterkom, maar dit is nie altyd moontlik nie.

MNR. BIZOS SPREEK HOF TOE. DEEL HOF MEE DAT DIT NIE LYK ASOF DIE STAAT VANDAG MET HIERDIE GETUIE GAAN KLAARMAAK NIE EN VERLANG UITSTEL VAN DIE SAAK TOT MAANDAG TEN EINDE DIE VERDEDIGING OOR DIE NAWEEK DIE GELEENTHEID TE BIED OM OP HIERDIE GETUIE SE GETUIENIS IN TE GAAN.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 11 AUGUSTUS 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017